Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE ASSESSERING
# ALGEMENE ONDERWYSSERTIFIKAAT (AOS)




## 2024 GRAAD 9 PROEFSTUDIE

Vak: Afrikaans Huistaal

Punte: 70

Tydsduur: 150 Minute
15 minute leestyd **uitgesluit**

Hierdie toets bestaan uit **23** bladsye, die voorblad uitgesluit.

Downloaded from Stanmorephysics.com



Downloaded from Stanmorephysics.com

**Instruksies aan die leerder**

1. Jy sal 15 minute leestyd ontvang voordat jy hierdie vraestel begin beantwoord.
2. Lees alle instruksies en vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord alle vrae.
4. <u>Beantwoord al die vrae in die antwoordboek wat verskaf word.</u>

**Die toets begin op die volgende bladsy.**



**Moenie omblaai voordat jy gesê word om dit te doen nie.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Vraag 1: Leesbegrip

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Om 'n tiener te wees in 2024 is nie maklik nie!**

1 Ons dra swaar aan ons skooltasse. Dit weeg ongeveer 10kg! Ons het besige programme met min tyd vir onsself of enige oefening.

2 Dit is die noodkreet wat ons daagliks hoor. Daarom is dit so belangrik dat tieners die nodige ondersteuning van hulle gesinne en familie kry. Tienerjare is só 'n belangrike stadium waarin hulle fondasies vir toekomstige gedragspatrone gelê word. Indien tieners in hierdie stadium van hul lewe positiewe konneksies tot die woord 'oefening' kan voeg, is dit die regte grondslag vir die res van hul lewe.

3 Dit is belangrik dat ons tieners blootgestel word aan 'n verskeidenheid oefeninge. Hulle moet op hierdie stadium uitvind waarvan hulle hou en waarmee hulle graag in die toekoms sal wil aanhou. Indien hulle intrinsiek gemotiveerd is om deel te neem, sal hulle dit geniet en waarskynlik na skool aanhou om dit te beoefen.

4 Tieners se eetgewoontes is reeds vasgelê. Dit is beslis nie 'n maklike taak om tieners te oortuig om hul eetgewoontes te verander nie. Die beste manier om dit aan te pak is om hulle te oortuig dat dit vir hulle korttermynvoordele inhou soos byvoorbeeld met hulle voorkoms, atletiese vermoëns en om die lewe te geniet. Langtermyn is nie nou deel van hulle woordeskat nie. Met die hoeveelheid tieners wat deesdae so oorgewig is, moet ouers soveel te meer fokus op wat hulle vir hulle kinders voorsit om te eet.

5 Gesonde eetgewoontes begin natuurlik met ontbyt. Ontbyt is 'n baie belangrike maaltyd vir tieners om hulle voor te berei vir die besige skooldag en al die eise wat voorlê. Dit sal hul konsentrasie verbeter en hulle help om in die klaskamer te fokus.

6 Volgende op die spyskaart is natuurlik die kosblik. Baie skole reik deesdae 'n tender uit om hul snoepies te bestuur. Dit is geen wonder dat daar die heerlikste smulhappies is wat hul tydens pouse kan geniet nie. Verskeie pasteie, klein pizzas, oliebolle en selfs burgers is beskikbaar! Hoe gemaak om hul uit die versoeking te hou sonder om hulle sakgeld te konfiskeer? Hier volg 'n paar riglyne: Die inhoud van die kosblik moet iets wees wat die kind sal eet en dit moet die nodige nutriënte bevat. Dit moet gedurende pouse opgeëet kan word. Die kospakkie moet aanloklik lyk.

7 Nou kom ons by oefening. Sommige ouers is gelukkig genoeg dat hulle kinders aan sport deelneem en vanself baie aktief is. Dit is belangrik dat hulle hierdie gedrag sal toepas vir die res van hulle lewens. In vandag se lewe, waar kosbare gesinstyd al hoe minder raak, bied oefening 'n wonderlike geleentheid om as 'n gesin saam 'n aktiwiteit te kan beoefen.

Downloaded from Stanmorephysics.com

8 Indien jou tiener begin om gesonde veranderinge in hul lewe te maak, sal hulle vir die res van hul lewe die vrugte daarvan pluk.

*Aangepas uit: https//laferm.co.za/tiener-gesondheid*

1.1 Na aanleiding van die teks, hoeveel weeg skooltasse?

A Dit weeg amper 15 kg.
B Dit weeg amper 20 kg.
C Dit weeg amper 10 kg.
D Dit weeg amper 5 kg. (1)

1.2 Waar moet tieners hul ondersteuning vandaan kry?

A van hulle gesinne en families
B van hulle gesinne en vriende
C van hulle families en vriende
D van hulle families en skoonfamilies (1)

1.3 "Tienerjare is só 'n belangrike stadium waarin hulle <u>fondasies</u> vir toekomstige gedragspatrone gelê word."
Gee die korrekte betekenis van die onderstreepte woord in die bostaande sin.

A die begin van gewoontes
B die einde van gewoontes
C die doel van gewoontes
D die fondament van gewoontes (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.4 Hoekom is dit belangrik dat tieners blootgestel word aan 'n verskeidenheid van oefeninge?

A sodat hulle kan uitvind of hulle dit kan doen
B sodat hulle kan uitvind of hulle daarvan hou
C sodat hulle kan uitvind of hulle daarmee wil ophou
D sodat hulle kan uitvind of hulle daarmee wil begin (1)

1.5 Wat is die beste manier om tieners te oortuig om hul eetgewoontes te verander?

A om hulle te oortuig dat dit vir hulle langtermynvoordele inhou
B om hulle te oortuig dat dit vir hulle 'n langer lewe kan gee
C om hulle te oortuig dat dit vir hulle korttermynvoordele inhou
D om hulle te oortuig dat dit vir hulle 'n korter lewe kan gee (1)

1.6 Waar begin gesonde eetgewoontes?

Stanmorephysics.com

A Dit begin deur in die aand te eet.
B Dit begin deur in die middag te eet.
C Dit begin deur in die namiddag te eet.
D Dit begin deur in die oggend te eet. (1)

1.7 'Indien hulle <u>intrinsiek gemotiveerd</u> is om deel te neem, sal hulle dit geniet' Verduidelik die betekenis van die onderstreepte woorde in die bostaande sin?

A Die vermoë om na jouself te kyk.
B Die vermoë om na ander mense om te sien.
C Die vermoë om iets uit jouself te doen.
D Die vermoë om na ander mense op te kyk. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.8 Watter belangrike rol speel ouers in die kweek van goeie eetgewoontes vir tieners?

A Hulle rol is om te kyk wat tieners eet.
B Hulle rol is om te kyk wat hulle vir hul tieners gee om te eet.
C Hulle rol is om te kyk of tieners hulle kos eet.
D Hulle rol is om te kyk wat hulle vir tieners gee om te drink. (1)

1.9 "… sal hulle vir die res van hul lewe die vrugte daarvan pluk." (Paragraaf 8)
Bostaande is 'n voorbeeld van 'n …

A idiomatiese uitdrukking.
B personifikasie.
C vergelyking.
D metafoor. (1)

1.10 "Gesonde eetgewoontes begin natuurlik met ontbyt." (Paragraaf 5)
Watter gevolgtrekking maak jy na aanleiding van die bostaande sin?

A Ontbyt is belangrik vir gesonde eetgewoontes.
B Ontbyt is 'n belangrike ete vir gesonde eetgewoontes.
C Ontbyt is belangrik om gesonde eetgewoontes te vorm.
D Ontbyt is dié belangrikste ete om gesonde eetgewoontes te ontwikkel. (1)

1.11 Wat impliseer 'noodkreet'? (Paragraaf 2)

A om mooi te vra vir iets
B om hulp te vra vir iets
C om dringend hulp te vra vir iets
D om dringend mooi te vra vir iets (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.12 Na aanleiding van die teks, watter sin is korrek?

A Die meeste tieners is oorgewig.
B Die meeste tieners is ondergewig.
C Die meeste tieners is atleties.
D Die meeste tieners is aktief. (1)

1.13 Wat is die verskil tussen korttermyn en langtermyn?

A Die eerste een verwys na vandag en die ander een na binnekort.
B Die eerste een is vir môre en die ander een is vir vandag.
C Die eerste een verwys na binnekort en die ander een na baie later.
D Die eerste een verwys na later en die ander een na nou. (1)

1.14 Verduidelik die uitdrukking 'die vrugte daarvan pluk'. (Paragraaf 8)

A om vrugte te pluk vir jou arbeid
B om beloon te word vir jou harde werk
C om arbeid vir jou vrug te kry
D om vrugte vir jou arbeid te kry (1)

1.15 Na aanleiding van die teks, watter voordele het gesonde eetgewoontes vir tieners?
Kies die gepaste woorde.

A voorkoms, atletiese onvermoë, om die lewe te geniet
B voorkoms, atletiese bou, om die lewe te geniet
C voorkoms, atletiese vermoë, om die lewe te geniet
D voorkoms, atletiese krag, om die lewe te geniet (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.16 Kies die sin wat die teks die beste opsom.

A Dit is baie belangrik vir tieners om te oefen.
B Dit is belangrik vir tieners om die lewe te geniet.
C Dit is belangrik vir tieners om aan sport deel te neem.
D Dit is belangrik vir tieners om ŉ gesonde leefstyl te volg. (1)

1.17 "… konneksies tot die woord 'oefening' kan voeg … " (Paragraaf 2)

Wat is die funksie van die aanhalingstekens by die woord 'oefening'?

A om klem te lê op die woord
B om klem te lê op die sin
C om die woord se betekenis te verander
D om die sin te laat uitstaan (1)

1.18 "Baie skole reik deesdae ŉ tender uit om hul snoepies te bestuur."
Kies die mees gepaste woord vir 'tender'.

A aanbod
B verbod
C gebod
D aanvraag (1)

1.19 Watter gevoel wil die joernalis, met die artikel, by die leser wek?

A ŉ gevoel van tevredenheid
B ŉ gevoel van opgewondenheid
C ŉ gevoel van samehorigheid
D ŉ gevoel van motivering (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.20 Vir watter teikengroep is die teks geskryf?

A vir alle tieners wat nie oefening doen nie
B vir alle tieners en ouers
C vir alle ouers van tieners
D vir alle tieners wat oefening doen (1)

1.21 Om ‘n tiener te wees in 2024 is nie maklik nie! Hoe manipuleer die uitroepteken in die opskrif die leser?

A Die leser voel hartseer.
B Die leser voel empatie.
C Die leser voel simpatie.
D Die leser voel moedeloos. (1)

1.22 Watter van die volgende frases skep die gevoel van tevredenheid?

A ‘die res van jou lewe die vrugte daarvan pluk’
B ‘die res van jou lewe die gevolge daarvan dra’
C ‘die res van jou lewe graag oefening wil doen’
D ‘die res van jou lewe graag gesond wil eet’ (1)

1.23 Na die aanleiding van die teks, op watter manier kan gesonde eetgewoontes alle tieners se lewens beïnvloed?

A Dit kan keer dat hulle depresssief raak.
B Dit kan keer dat hulle siek raak.
C Dit kan keer dat hulle oorgewig raak.
D Dit kan keer dat hulle passief raak. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.24 Wat is die doel van Paragraaf 1?

A om belangstelling in die teks te kweek
B om belangstelling in tieners te kweek
C om belangstelling in skooltasse te kweek
D om belangstelling in oefening te kweek (1)

1.25 Watter gevolgtrekking kan ons na aanleiding van die teks maak?

A Tieners is verantwoordelik vir hulle eie gesondheid.
B Gesonde eetgewoontes en oefening kan tieners se lewens vir ewig negatief verander.
C Gesonde eetgewoontes en oefening kan tieners se lewens vir ewig positief verander.
D Tieners is verantwoordelik vir hulle eie eetgewoontes. (1)

**[25]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Vraag 2: Visuele tekste

2.1: Infografiek

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.



Downloaded from Stanmorephysics.com

2.1.1 Wat word hier geadverteer?

A voordele van stap
B voordele van hardloop
C voordele van aktief wees
D voordele van oefeninge (1)

2.1.2 Wie is die teikengroep vir die advertensie?

A mense wat siek is
B mense wat gesond wil leef
C sportiewe mense
D aktiewe mense (1)

2.1.3 Waarom is die hoofopskrif groter gedruk as die res van die teks?

A om die produk te verkoop
B om die adverteerder se logo te wys
C om meer inligting te gee
D om die leser se aandag te trek (1)

2.1.4 Die boonste ry prentjies dui aan dat ‘n mens op verskillende maniere …

A passief kan wees.
B aktief kan wees.
C gesond kan wees.
D fiks kan wees. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.1.5 Die visuele leidrade in die teks dui op …

A sport.
B ontspanning.
C gesondheid.
D rustigheid. (1)



Downloaded from Stanmorephysics.com

2.2: Spotprent

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.




*Bron: Die Burgerspotprent 1 Maart 2024*

2.2.1 Waar vind die gebeure plaas? (1)

2.2.2 Wat is die man se gemoedstoestand? (1)

2.2.3 Identifiseer en verduidelik die humor in die spotprent. (2)

2.2.4 Lyk die man nog soos 'n 20-jarige? (2)

Motiveer jou antwoord met een visuele leidraad.

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.2.5 Watter emosie word deur die vrou se gesigsuitdrukking uitgebeeld? (1)

2.2.6 Wat is die boodskap wat die spotprent oordra? (1)

2.2.7 Dink jy die gebruik van die woord 'skatjie' is positief of negatief? Motiveer jou antwoord. (2)

**[15]**



Downloaded from Stanmorephysics.com

Vraag 3: Opsomming

Sukkel jy snags om te slaap? Volg dan hierdie wenke om te verseker dat jy 'n goeie nagrus inkry. Lees die onderstaande webbladartikel aandagtig deur en volg die instruksies.

INSTRUKSIES:

1. Skryf SEWE wenke hoe om 'n goeie nagrus te verseker.
2. Nommer jou sinne van 1 tot 7.
3. Skryf slegs EEN feit per sin.
4. Gebruik sover as moontlik jou eie sinne.
5. Jou opsomming moet tussen 70-80 woorde lank wees.
6. Dui die getal woorde aan die einde van jou opsomming in hakies aan.
7. Jy hoef nie 'n titel vir jou opsomming te gee nie. [10]

**Wenke vir 'n goeie nagrus vir besige tieners**

Probeer 'n uur voor slapenstyd ontspan. Indien jy gespanne raak, haal 'n paar keer diep asem. As jy sukkel om te slaap, doen 'n paar strekoefeninge of pas visualiseringstegnieke toe.

Pasop om energiedrankies, tee of koffie voor slapenstyd te drink. Dit is 'n stimulant wat jou gaan wakker hou. Maak seker dat jy jou koffiedrinkery deur die loop van die dag beperk.

Sê snags totsiens vir selfone en enige ander elektroniese speletjies in jou kamer. Sosiale media en rekenaarspeletjies hou ons wakker. Veral as jy kennisgewings en boodskappe deur die loop van die nag kry. Het jy geweet die lig van enige elektroniese toestel vertel jou brein dit is dag?

Om te verhoed dat jy snags na die plafon staar, hou 'n pen en papier naby jou bed. Net vir ingeval jy enige onafgehandelde takies op jou doenlysie wil neerskryf.

Wanneer laas het jy jou matras omgeruil? 'n Sagte matras is nie noodwendig goed vir jou rug nie. Vir party mense kan 'n harde matras ongemaklik wees. Die keuse van 'n regte matras is belangrik. Dit sal beslis verseker dat jy beter sal slaap.

Om elke aand dieselfde tyd bed toe te gaan, sal ook help. 'n Roetine is baie belangrik vir 'n besige tiener. Organiseer jou dag sodat jy kalm kan wees voordat jy gaan slaap.

Maak seker jou kamer is koel, donker en stil. Jy kan dalk 'n boek lees voor slapenstyd. Oorweeg blindings of donker gordyne. Gebruik oorpluisies om onnodige lawaai te blokkeer. Dit alles sal 'n rustige atmosfeer skep. Probeer dit gerus.

*Aangepas uit: thebedcentre.co.za/10-tips-to-help-your teen-sleep-better/*

Downloaded from Stanmorephysics.com

Vraag 4: Taalstrukture en -konvensies

Lees die onderstaande *Netwerk-24* artikel, geskryf deur Hanlie Stadler, en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**10 000 treë per dag is fantasties, maar selfs 5 000 treë kan jou lewe red**



*Volgens 'n studie van Discovery Vitality is dit beter om stadig te begin en die gewoonte te vestig om oefening te doen. Data van lede in Suid-Afrika en Brittanje is nagegaan. Die gesondheidsvoordele van gereelde oefening is enorm. Foto: iStock*

1 As die idee om elke dag 10 000 treë te stap – soos jou dokter jou aanmoedig om te doen – jou ontmoedig om jou tekkies aan te trek, dink weer. Moenie eendag wanneer jy 'n diabeet is sê: "Ai, het ek maar na my dokter en *Discovery Vitality* geluister!"

2 As jy net van die rusbank af opstaan en deel word van die skare mense wat weekliks die *Parkrun* doen of slegs drie keer per week 5 000 treë stap, kan jy tot drie jaar by jou lewe voeg. Dokters motiveer tieners om te stap. Hierdie studie is (gebasseer/gebaseer/gebassëer/gebasêer) op navorsing.

3 Die grootste deel van die voordeel kom egter van 7 500 treë af. Volg Marc Lottering se raad: Begin stadig. Begin tweedens waar jy is, nie waar jy dink jy moet wees nie. As jy 'n sofapatat is, begin met 2 500 treë drie keer per week. Laastens verhoog jou intensiteit stadig. Elke sofapatat in hierdie land moet 'n trapmeul kry. Hou die kwaliteit en kwantiteit van jou oefeninge in gedagte.

4 Die Wêreldgesondheidsorganisasie skat dat 27,5% van volwassenes – byna een uit drie – en 81% van tieners geen oefening doen nie. Een uit vyf mense sterf tans met siektes wat deur swak eetgewoontes veroorsaak word, en teen 2035 gaan 1,5 miljard mense wêreldwyd vetsugtig wees. Bly veral weg van sosiale byeenkomste waar daar baie ongesonde disse bedien word.

5 Die tienerseun wat eens 'n sofapatat was, kan begin stap tot in die hoofpad. Ons tieners wil deesdae mos nie meer skool toe stap nie. Soos Marc Lottering, die komediant sou sê: "Awê! Al my ma se kinders, kom stap saam!"

*Aangepas uit https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/geldsake/mediese-fondse/10-000-tree-per-dag-is-fantasties-maar-selfs-5-000-tree-kan-jou-lewe-red-20240319*

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.1 '… deel word van die <u>skare</u> mense wat weekliks die *Parkrun* doen.' (Paragraaf 2)

Watter tipe selfstandige naamwoord is 'skare'?

A soortnaam

B massanaam

C abstrak

D versamelnaam (1)

4.2 "Ai, het ek maar na my dokter en *Discovery Vitality* geluister!" (Paragraaf 1)

Watter tipe sin is bostaande sin?




A stelsin

B uitroepsin

C bevelsin

D vraagsin (1)

4.3 Wat is 'n sinoniem vir 'kwantiteit'? (Paragraaf 5)

A minderheid

B meerderheid

C hoeveelheid

D doeltreffend (1)

4.4 Die onderstreepte voorvoegsel in '<u>ont</u>moedig' beteken … (Paragraaf 1)

A wegneem van iets.

B toevoeg van iets.

C nie iets doen nie.

D weer 'n keer iets doen. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.5 'Die tienerseun wat eens 'n sofapatat was, kan begin stap tot in die hoofpad.' (Paragraaf 5)

Die onderstreepte gedeelte van die bostaande sin is 'n voorbeeld van ŉ …

A veelvoudige sin.
B bywoordelike bysin.
C enkelvoudige sin.
D byvoeglike bysin. (1)

4.6 Die sofapatat het om verskoning gevra dat hy nie vandag gestap het nie. Hy was siek. (omdat)

Kies die korrekte opsie nadat die twee sinne met die voegwoord tussen hakies verbind is.

A Omdat hy nie vandag gestap het nie, was hy siek.
B Omdat hy siek was, het die sofapatat nie om verskoning gevra dat hy vandag gestap het nie.
C Die sofapatat het om verskoning gevra dat hy nie vandag gestap het nie; omdat hy siek was.
D Die sofapatat het om verskoning gevra omdat hy siek was. (1)

4.7 "Bly veral weg van sosiale byeenkomste waar daar baie ongesonde disse bedien word." (Paragraaf 4)

Die onderstreepte woord in bostaande sin is ŉ voorbeeld van ŉ ….

A byvoeglike naamwoord.
B voornaamwoord.
C bywoord.
D voegwoord. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.8 ‘Ons tieners wil <u>deesdae</u> mos nie meer skool toe stap nie.” (Paragraaf 5)

Die onderstreepte woord in die bostaande sin is ŉ voorbeeld van ŉ …

A bywoordelike bepaling van plek.
B bywoordelike bepaling van wyse.
C bywoord van plek.
D bywoord van tyd. (1)

4.9 “Dokters motiveer tieners om te stap.” (Paragraaf 2)

Kies die korrekte lydende vorm van die bostaande sin.

A Tieners sal deur dokters gemotiveer word om te stap.
B Dokters sal deur tieners gemotiveer word om e stap.
C Tieners word deur dokters gemotiveer om te stap.
D Tieners is deur dokters gemotiveer om te stap. (1)

4.10 “Die Wêreldgesondheidsorganisasie skat dat 27,5% van volwassenes en 81% van tieners geen oefening doen nie.” (Paragraaf 4)

Wat is die betekenis van die homoniem ‘skat’ soos dit in die bostaande sin gebruik word.

A kosbare voorwerp
B raai die hoeveelheid
C waardevolle besitting
D verklaar die hoeveelheid (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.11 Ek dink die sofapatat het ‘n skroef los en die bank waarop hy lê, het ‘n ook ‘n skroef los.

Gee die twee korrekte verskillende betekenisse van ‘skroef los’ in bostaande sin.

A ‘n geestesgesondheidsprobleem en nie vas nie
B ‘n fisiese probleem en die rusbank is stukkend
C ‘n gesondheidsprobleem en herstelwerk is gedoen
D ‘n selfbeeldprobleem en die bank is oud (1)

4.12 Die Wêreldgesondheidsorganisasie … (Paragraaf 4)

Die korrekte afkorting vir Wêreldgesondheidsorganisasie is …

A W.G.O.
B wgo
C WG.org
D WGO (1)

4.13 “As die idee om elke dag 10 000 treë te stap – soos jou dokter jou aanmoedig om te doen – jou ontmoedig om jou tekkies aan te trek, dink weer.” (Paragraaf 1)

Verduidelik die gebruik van die aandagstreep in bostaande sin.

A om die direkte aanhaling aan te dui
B om spanning te skep in die middel van die sin
C om meer inligting voor en na ’n sin te gee
D voor en na jy ‘n klomp dinge opnoem in die middel van ‘n sin (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.14 Die gimnasuimapparaat waarop die sofapatat geklim het, was te klein vir hom.

Kies die korrekte voornaamwoord vir die woord wat onderstreep is.

A betreklike
B persoonlike
C wederkerige
D besitlike (1)

4.15 Hierdie studie is (gebasseer/gebaseer/gebassëer/gebasêer) op navorsing.

Kies die korrekte spelling van die woord tussen hakies.

A gebaseer
B gebasseer
C gebassëer
D gebasêer (1)




4.16 Die sofapatat wil op die trapmeul stap.

Kies die korrekte toekomende tydsvorm.

A Die sofapatat wou op die trapmeul stap.
B Die sofapatat moes op die trapmeul stap.
C Die sofapatat sou op die trapmeul wou stap.
D Die sofapatat sal op die trapmeul wil stap. (1)

4.17 Die tienerseun sê: "Ai, as ek maar na my dokter geluister het!"

Wat is die korrekte indirekte rede vir bostaande sin.

A Die tienerseun sê ek moes na my dokter geluister het.
B Die tiernerseun sê vir sy dokter dat hy moes na hom geluister het.
C Die tienerseun sê dat hy na sy dokter moes geluister het.
D Die tienerseun roep uit as hy maar na sy dokter geluister het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.18 Watter sin is ʼn voorbeeld van emotiewe taalgebruik.

A Genugtig! Jy het vandag 10 000 treë gestap.
B Seuns hou van hardloop en meisies hou van stap.
C Indien jy 10 000 treë stap, kry jy afslag op jou mediese fonds.
D As ek daagliks 10 000 treë stap, sal ek langer lewe. (1)

4.19 Die doel van die foto en bypassende opsomming, net onder die opskrif van die artikel is om …

A ‘n gevolgtrekking te maak en die foto skep ‘n dramatiese effek.
B die leser bekend te stel aan die onderwerp.
C die stadige leser se verbeelding te stimuleer.
D die lui leser in die regte stemming te kry. (1)

4.20 Wat is die betekenis van die volgende onderstreepte woord: “Awê! Al my ma se kinders, kom stap saam.” (Paragraaf 5)

A Dit is ‘n vyandige groetvorm.
B Dit is ‘n formele groetvorm.
C Dit is ‘n simpatieke groetvorm.
D Dit is ‘n informele groetvorm. (1)

**[20]**

**Einde van die toets**

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| | | Punte behaal |
|---|---|---|
| Vraag 1 | 25 | |
| Vraag 2 | 15 | |
| Vraag 3 | 10 | |
| Vraag 4 | 20 | |
| **Groottotaal:** | **70** | |

**NASIONALE ASSESSERING**

**ALGEMENE ONDERWYSSERTIFIKAAT (AOS)**

**2024 ANTWOORDBOEK**

**Taal: Afrikaans**

**Vak:** ____________________________________________

Datum: _____/_____/ 2024

Stanmorephysics.com

Skool: ____________________________________________

Graad 9 Klas: _____________________

Naam: ____________________________________________

Van: ____________________________________________

Provinsie: _______________

| Gemodereerde punte | | | |
|---|---|---|---|
| Skool | Distrik | Provinsie | DBE (National) |
| | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Instruksies vir die leerder**

1. Voltooi die voorblad.
2. Beantwoord al die vrae en skryf netjies en leesbaar.
3. By meervoudige keusevrae, skryf slegs die letter vir die korrekte antwoord.
4. Indien jy 'n fout maak, trek 'n streep deur die verkeerde letter soos hier aangedui as voorbeeld ~~C~~. Skryf die korrekte letter langs jou verkeerde keuse soos: ~~C~~ A.
5. Beantwoord in volsinne waar versoek word.

**Vraag 1**

| Nommer | Slegs die letter word benodig. |
|---|---|
| 1.1 | |
| 1.2 | |
| 1.3 | |
| 1.4 | |
| 1.5 | |
| 1.6 | |
| 1.7 | |
| 1.8 | |
| 1.9 | |
| 1.10 | |
| 1.11 | |
| 1.12 | |
| 1.13 | |
| 1.14 | |
| 1.15 | |
| 1.16 | |
| 1.17 | |
| 1.18 | |
| 1.19 | |
| 1.20 | |
| 1.21 | |




| Nommer | Slegs die letter word benodig. |
|---|---|
| 1.22 | |
| 1.23 | |
| 1.24 | |
| 1.25 | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Vraag 2.1**

| Nommer | Slegs die letter word benodig. |
|---|---|
| 2.1.1 | |
| 2.1.2 | |
| 2.1.3 | |
| 2.1.4 | |
| 2.1.5 | |

**Vraag 2.2**

| 2.2.1 |
|---|
| |
| |

| 2.2.2 |
|---|
| |
| |

| 2.2.3 |
|---|
| |
| |
| |

| 2.2.4 |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| 2.2.5 |
| --- |
| |
| |
| |
| |
| |

| 2.2.6 |
| --- |
| |
| |

| 2.2.7 |
| --- |
| |
| |
| |

**Vraag 3**

| |
| --- |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Vraag 4**

| Nommer | Slegs die letter word benodig |
|---|---|
| 4.1 | |
| 4.2 | |
| 4.3 | |
| 4.4 | |
| 4.5 | |
| 4.6 | |
| 4.7 | |
| 4.8 | |
| 4.9 | |
| 4.10 | |

| Nommer | Slegs die letter word benodig |
|---|---|
| 4.11 | |
| 4.12 | |
| 4.13 | |
| 4.14 | |
| 4.15 | |
| 4.16 | |
| 4.17 | |
| 4.18 | |
| 4.19 | |
| 4.20 | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**AOS PROEFSTUDIE**
**NASIENRIGLYNE 2024**
**AFRIKAANS HUISTAAL**
**GRAAD 9**

- *Een punt per antwoord.*
- *Geen halwe punte word toegeken nie.*

Vraag 1

| **Nr.** | **Moontlike antwoorde** | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | C | Dit weeg amper 10 kg. | ✓ |
| 1.2 | A | van hulle gesinne en families | ✓ |
| 1.3 | D | die fondament van gewoontes | ✓ |
| 1.4 | B | sodat hulle kan uitvind of hulle daarvan hou | ✓ |
| 1.5 | C | om hulle te oortuig dat dit vir hulle korttermynvoordele inhou | ✓ |
| 1.6 | D | Dit begin deur in die oggend te eet. | ✓ |
| 1.7 | C | Die vermoë om iets uit jouself te doen. | ✓ |
| 1.8 | B | Hulle rol is om te kyk wat hulle vir hul tieners gee om te eet. | ✓ |
| 1.9 | A | idiomatiese uitdrukking. | ✓ |
| 1.10 | D | Ontbyt is dié belangrikste ete om gesonde eetgewoontes te ontwikkel. | ✓ |
| 1.11 | C | om dringend hulp te vra vir iets | ✓ |
| 1.12 | A | Die meeste tieners is oorgewig. | ✓ |
| 1.13 | C | Die eerste een verwys na binnekort en die ander een na baie later. | ✓ |
| 1.14 | B | om beloon te word vir jou harde werk | ✓ |
| 1.15 | C | voorkoms, atletiese vermoë, om die lewe te geniet | ✓ |
| 1.16 | D | Dit is belangrik vir tieners om 'n gesonde leefstyl te volg. | ✓ |
| 1.17 | A | om klem te lê op die woord | ✓ |
| 1.18 | A | aanbod | ✓ |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.19 | D | ’n gevoel van motivering | ✓ |
| 1.20 | C | vir alle ouers van tieners | ✓ |
| **Nr.** | | **Moontlike antwoorde** | |
| 1.21 | C | Die leser voel simpatie. | ✓ |
| 1.22 | A | ‘die res van jou lewe die vrugte daarvan pluk’ | ✓ |
| 1.23 | C | Dit kan keer dat hulle oorgewig raak. | ✓ |
| 1.24 | A | om belangstelling in die teks te kweek | ✓ |
| 1.25 | C | Gesonde eetgewoontes en oefening kan tieners se lewens vir ewig positief verander. | ✓ |

Vraag 2.1

| **Nr.** | | **Moontlike antwoorde** | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | A | voordele van stap | ✓ |
| 2.1.2 | B | mense wat gesond wil leef | ✓ |
| 2.1.3 | D | om die leser se aandag te trek | ✓ |
| 2.1.4 | B | aktief kan wees. | ✓ |
| 2.1.5 | C | gesondheid | ✓ |

- *<u>Moenie leerders meer as een keer vir die dieselfde fout penaliseer nie.</u>*
- *Geen halwe punte word toegeken nie.*

Vraag 2.2

| **Nr.** | **Moontlike antwoorde** | **Verduideliking** | **Punt** |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | kombuis/opwasarea✓<br>**OF**<br>huis/tuis/woning✓<br>**OF** ouetehuis✓ | Ken ‘n punt toe vir enige relevante antwoord. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.2.2 | skertsend opgeruimd/goeie bui humoristies<br>opgewonde<br>vrolik<br>laf<br>gelukkig uittartend<br>tevrede trots<br>selfversekerd<br>opgewek | Aanvaar enige relevante antwoord.<br><br>. | 1 |

| Nr. | Moontlike antwoorde | Verduideliking | Punt |
|---|---|---|---|
| 2.2.3 | Die man dink hy lyk nog jonk.✓<br><br>Omdat hy net elke skrikkeljaar verjaar.✓<br>**OF**<br>Hy verjaar net elke vier jaar.✓<br>**OF**<br>Hy verjaar net op 29 Februarie en daarom moet hy nog jonk lyk.✓<br>**OF**<br>Die oom is baie oud, maar hy dink hy lyk nog jonk.✓ | Identifiseer✓en verduidelik✓ die humor.<br><br>Aanvaar enige relevante antwoord. | 2 |
| 2.2.4 | Nee✓<br><br>Hy het 'n lang grys baard.✓<br>**OF**<br>Hy het baie plooie.✓<br>**OF**<br>Hy gebruik 'n kierie.✓<br>**OF**<br>Sy bril is baie dik.✓<br>**OF**<br>Hy het nie baie hare nie.✓<br>**OF**<br>Hy staan gebuig.✓ | Een punt vir nee✓ en ander punt vir die rede.✓<br><br>Aanvaar enige relevante antwoord. | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.2.5 | Sy is verstom.✓<br>**OF**<br>Sy lag.✓<br>**OF**<br>Sy is verbaas.✓<br>**OF**<br>Sy is verlief.✓<br>**OF**<br>Sy dink haar man het dit finaal verloor.✓<br>**OF**<br>Sy is geskok.✓<br>**OF**<br>Sy is verleë.✓<br>**OF**<br>Sy is geamuseerd. ✓ | Een punt vir emosie✓<br><br>Aanvaar enige relevante antwoord. | 1 |
| **Nr.** | **Moontlike antwoorde** | **Verduideliking** | **Punt** |
| 2.2.6 | Jy is so oud soos wat jy voel.✓<br>**OF**<br>‘n Mens kan steeds humor hê as jy oud is.✓<br>**OF**<br>Grappies laat jou jonk voel.✓<br>**OF**<br>Moet nooit ophou lag nie.✓<br>**OF**<br>Jy mag maar vir jouself lag.✓<br>**OF**<br>’n Mens kan maar laf wees, al is jy oud.✓ | Een punt indien die korrekte gevoel weergegee word.<br><br>Aanvaar enige relevante antwoord. | 1 |
| 2.2.7 | Positief ✓<br><br>Dit is ‘n troetelnaam.✓<br>**OF**<br>Dit betoon liefde.✓<br>**OF**<br>Dit is skertsend.✓<br>**OF**<br>Hy is laf.✓<br><br>Negatief ✓<br>Hy is sarkasties.✓<br>**OF**<br>Hy kan nie haar naam onthou nie.✓ | Een punt vir antwoord en een punt vir die motivering.<br><br>Aanvaar enige relevante antwoord. | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| Vraag 3: Opsomming | | | |
|---|---|---|---|
| **MOONTLIKE ANTWOORDE**: Leerders mag die opsomming in paragraafvorm aanbied. | | | |
| 1 | Ontspan 'n uur voor slapenstyd. ✓ | **INHOUD**:<br>1 punt per relevante/sinvolle feit = 7 punte<br><br>Moenie penaliseer vir taal en spelfoute wat nie die betekenis verander nie.<br><br>**TAAL:**<br>**Om te voorkom dat leerders nie gepenaliseer word vir spelfoute nie, dui taalpunte soos volg aan.**<br><br>1-3 feite korrek = +1 punt | **10** |
| 2 | Beperk jou koffiedrinkery.✓<br>**EN**<br>Vermy stimulante/kafeïën. ✓ | | |
| 3 | Vermy elektroniese speletjies of selfone snags in jou slaapkamer.✓ | | |
| 4 | Skryf onafgehandelde takies op 'n doenlysie neer. ✓ | | |
| 5 | Slaap op die regte matras. ✓ | | |
| 6 | Gaan elke aand dieselfde tyd bed toe.✓<br>**EN**<br>Hou by 'n roetine. ✓ | | |
| 7 | Skep 'n rustige atmosfeer. ✓ | | |
| | **Die volgende sal ook aanvaar word**<br>Hou jou kamer donker. ✓ **OF**<br>Lees 'n boek voor slapenstyd. ✓ | 4-5 feite korrek = +2 punte<br><br>6-7 feite korrek = +3 punte | |
| | Gebruik blindings of donker gordyne. ✓<br>**OF**<br>Slaap met oorpluisies. ✓ | **Moenie leerders penaliseer vir die verkeerde formaat, direkte aanhalings of verkeerde/ ontbrekende getal woorde nie.** | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| | **Indien die leerder die getal woorde oorskry, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**<br><br>**Moenie penaliseer indien daar nie bewys van beplanning is nie.**<br><br>**Merk die beplanning indien die finale poging ontbreek of nie voltooi is nie.** | |

| **Nr.** | **Moontlike antwoorde** | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | D | versamelnaam | ✓ |
| 4.2 | B | uitroepsin | ✓ |
| 4.3 | C | hoeveelheid | ✓ |
| 4.4 | C | nie iets doen nie | ✓ |
| 4.5 | D | byvoeglike bysin | ✓ |
| 4.6 | C | Die sofapatat het om verskoning gevra dat hy nie vandag gestap het nie; omdat hy siek was. | ✓ |
| 4.7 | A | byvoeglike naamwoord. | ✓ |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.8 | D | bywoord van tyd | ✓ |

Vraag 4: Taalstrukture en -konvensies

| Nr. | | Moontlike antwoorde | |
|---|---|---|---|
| 4.9 | C | Tieners word deur dokters gemotiveer om te stap. | ✓ |
| 4.10 | B | raai die hoeveelheid | ✓ |
| 4.11 | A | ‘n geestesgesondheidsprobleem en nie vas nie | ✓ |
| 4.12 | D | WGO | ✓ |
| 4.13 | C | om meer inligting voor en na ’n sin te gee | ✓ |
| 4.14 | A | betreklike | ✓ |
| 4.15 | A | gebaseer | ✓ |
| 4.16 | D | Die sofapatat sal op die trapmeul wil stap. | ✓ |
| 4.17 | D | Die tienerseun roep uit as hy maar na sy dokter geluister het. | ✓ |
| 4.18 | A | Genugtig! Jy het vandag 10 000 treë gestap. | ✓ |
| 4.19 | B | om die leser bekend te stel aan die onderwerp. | ✓ |
| 4.20 | D | Dit is ‘n informele groetvorm. | ✓ |